DEEL 117 | WEEK 18 | 2 MEI 2025 | R5

# HEILBRON HERALD




*Met die begin van die tweede kwartaal is wintersport by Hoërskool Heilbron weer op volle dreef. Soos elke jaar is die skool se wintersport beslis iets om na uit te sien, maar dié jaar steel die Bulletjie-rugby en Mini-Netbal die kollig. Die jong spanlede is nie net vol geesdrif en talent nie, maar lyk ook besonders netjies in hul nuwe uitrustings.*

*Die Bulletjie-afrigters wil graag hul opregte dank uitspreek teenoor die volgende borge wat hul bydraes gemaak het om hierdie seisoen besonders te maak: Eben Claasen – Sensako; Pieter Bronkhorst en Juan Botha – VKB; Gerrit Viljoen - Sirkel Simbras; Jan-Hendrik Zietsman – Antrovet; Qpro feeds – VKB en Nico vd Walt - Case*

# GEMOED VERSTEUR NA GRUSAME MOORD

Die gemeenskap van Phiritona is onlangs geruk deur 'n grusame moord wat plaasgevind het.
Die slagoffer, 'n man bekend as Tony, is tydens onbekende omstandighede vermoor. Die tragiese voorval het 'n golf van skok en hartseer deur die gemeenskap gestuur, aangesien Tony na bewering 'n gestremdheid gehad het. Hy het ook gereeld mense in Heilbron se voertuie gewas en niemand gepla nie.
Volgens die polisie is die motief agter die moord nog nie bekend gemaak nie. 'n Verdagte is aanvanklik in hegtenis geneem vir ondervraging, maar is later vrygelaat.
Die ondersoek duur voort, en die polisie doen 'n beroep op die publiek om enige inligting wat tot 'n deurbraak kan lei, na vore te bring.
Intussen hoop die inwoners van Phiritona vir geregtigheid en dat die waarheid spoedig aan die lig sal kom.









# Polisie en plaaslike held red lewe na Koppiesdam oorloop

’n Toneel van chaos het Woensdagoggend vroeg ontvou terwyl die Koppiesdam oorloop en plaaswerkershuise in die omgewing onder water beland het. ’n Noodoproep is ontvang wat aangedui het dat mense steeds vasgekeer was in hul huise.

Lede van die SAPD se Duikeenheid het sonder huiwer op die noodsituasie gereageer. Met uitsonderlike toewyding en dapperheid het die span hulself in gevaar gestel om lewens te red.

’n Plaaslike inwoner, het ook op eie houtjie tot hulp gesnel met sy trekker, en het gehelp om die vasgekeerde mense deur die water na veiligheid te vervoer.

Die gesamentlike poging tussen die SAPD se duikers en die plaaslike held het daartoe gelei dat tien mense suksesvol van een plaas gered is. Die reddingsaksie het twee plekke op die plaas ingesluit wat erg deur die vloed geraak is.

Die polisie het die gemeenskap bedank vir hul ondersteuning en het bevestig dat geen beserings tydens die voorval aangemeld is nie.



Hierdie voorval is ’n kragtige herinnering aan hoe gemeenskappe en owerhede saam kan werk in tye van nood – en hoe ’n enkele daad van moed en samewerking lewens kan red.

## UIT DIE PEN: *Week 18*

Die mensdom is regtig fassinerend. Die manier hoedat hulle, hulle seile na die wind kan span, net so goed. Soms sal iemand iets sê, en dan, ’n volgende keer, presies die teenoorgestelde. Dalk soek hulle net elke keer ’n rede om hulle doen en late te regverdig.

Ek was baie klein toe Liegbek Adriaan Nieuwoudt goud uit vrotmelk wou maak. Wel, seker nie goud nie, maar mense het groot geld gekry vir koevertjies vol snert. Aan die begin. Maats se ouers het ’n buitekamer in ’n vrotmelkkamer verander. Kompleet met plastiekproppies waarop die rakke gestaan het sodat die miere nie tot binne-in die bekertjies kon klim nie. Hulle het geroem op die duisende rande wat hulle daaruit kon maak.

Daardie jare het ek vir my gevra hoekom ons nie dieselfde doen nie? Waarom my gryse ou pa gesê het: “Daar is net een manier hoe mens gou ryk word. Jy moet hard werk.”

En sy woorde het my altyd bygebly. Daar was wel mense wat ’n paar rand uit die vrotterige spul gemaak het. Ons het nooit gehoor wie geld verloor het nie. Ek dink hulle was maar skaam daaroor.

Dan is daar natuurlik ons Arend, die oom wat die pakkies diamante verkoop het. Nee, verkoop is nie die regte woord nie. Mense het fotos van banksakkies met klippertjies daarin gekry en hulle het “ingekoop” daarop. Daar was videos van hoe die diamante gemyn word. Hulle wou nie hoenders wees nie. Want hulle moes hoog vlieg.

Mnr Liebenberg is mos geloofwaardig, want hy preek so mooi uit die toilet en die stort. En vloek daarna soos ’n matroos. Hy is so gelowig. En nou sit hy met sy eie persoonlike (kleiner as gewoonlik) bas in die tronk. Meeste van die beleggers blameer die likwidateurs omdat hulle nie hulle beleggings gaan terugkry nie.

Mnr Diamant se Facebook is vol mense wat hom verdedig.

“Laat ons nie oordeel nie,” of “Die oordeel kom my nie toe nie,” of wat van: “Laat die een wat geen sonde het nie, die eerste klip gooi.” Amper net so dweperig soos hy. “Hy kry so swaar, kyk hoe maer het hy geword.” Maar meeste van die beleggers het mos gedink hulle is arende, hulle gaan uitstyg. Hulle gaan nie soos hoenders in die stof pik nie.

Met of sonder die diamante, wonder ek. “Wag tot die hele storie uitkom.” Ja, ek wag geduldig, want ek het al hierdie *movie* gesien.

Ek volg ook die berigte oor Kleuterzone. Die kommentaar op hierdie man se bedrywighede is soos ’n sepie. Heeltemal die teenoorgestelde van Mnr Diamant. Daar was fotos waar hy saam met sy vriende en familie in Thailand rondkuier, waar een van sy Thai-vriende hom op die wang soen. Toe kom die trefferfoto: die Kleuter wat sit en dobbel.

En toe kook die mense se bloed.

“Kom terug SA toe om te kom verduidelik!” eis iemand. Want die Kleuter het mos Thailand toe uitgewyk.

“Jy skuld ons geld!” Of: “Wat van ons beleggings?”

“Jy sal hiervoor moet verantwoording doen. Onthou, die Here slaap nie.” (Vergelyk dit met die kommentaar aan Mnr Diamant: “Laat die een wat geen sonde het nie, die eerste klip gooi.”) Ja, nê. Enige iemand wat iemand anders met die Here dreig se aansien daal by my. Maar dis net my mening.

“Jy gaan boet, boetie.” Daar is nog een wat ’n stuiwer in die armbeurs gooi.

Wat my laat wonder het wat die verskil tussen die twee swendelaars se kliëntebasis is?

Hier is wat ek dink: Mnr Diamant se navolgers is middeljarige tot ouer mense, mense wat met hom kon assosieer. Hy het nooit op radio en TV geadverteer nie, maar het ’n groot ondersteuninsbasis op sosiale media.

Die Kleuter het dalk ’n jonger gehoor gehad, maar het groot gegaan op radio en TV waar daar advertensies was waarin daar bekendes te sien was. Hy het groot dividende voorspel totdat Ryk van Niekerk die bottel met die boontjies uitgegooi het en sy besigheid begin ondersoek het.

Mnr Diamant het telkens Christelike boodskappies gebring om mense meer af te pers. Die Kleuter het sy beleggers met kinders gemanipuleer.

Albei het groot winste voorspel, want die mense is op soek na gou-ryk-word-skemas. Mnr Diamant het vertel hoe die beleggers gaan uitstyg en die Kleuter het vertel hoe die kleuters uitstyg.

So twee weke gelede was daar ’n berig van ’n vrou wat selfmoord gepleeg het omdat sy nie haar belegging kon terugkry nie.

“Haar bloed is aan jou hande!” skel iemand op sosiale media.

As ek reg onthou, was daar meer as een belegger wat hom- of haarself om die lewe gebring het omdat hulle hulle geld by Mnr Diamant of die Kubuskoning verloor het. Dieselfde as by die Kleuter. Of dalk doerie tyd by ShareMax.


Wat my laat wonder: wie se skuld is dit dat iemand gou wil geld maak? As dit regtig gewerk het, hoekom weet die sakewêreld nie van die wonderlike belegging nie? Want as iets te goed lyk om waar te wees…

Daar was niemand wat gedwing was om by een van die skemas te “belê” nie. Niemand het ’n wapen op iemand anders gerig nie. Is dit dan regtig die Kleuter se skuld?

Dalk moet ons op Werkersdag opnuut besef dat harde werk beloon word. Dalk nie noodwendig met rykdom nie, maar met ’n diep tevredenheid dat jy jou beste gedoen het. Rykdom is in elk geval ’n kwessie van persepsie. Ek dink so, want wanneer is genoeg regtig genoeg? Wil jy regtig nog drie karre of ’n reuse huis hê? Ek dink daar is belangriker dinge as dit.

Ek wens dat elkeen sy geld en sy werk, hoe nederig ook al, sal respekteer en dit as ’n kosbare gawe sal beskerm.

Los nou die diamantjies en die kleuterskole, en doen elke dag jou werk met jou hele hart.




Nico en Corien Brayshaw is getroud op die 12de April te Bell en Blossom Venue Pretoria. Nico is die seun van Ingrid en Wyle Samuel Brayshaw van Heilbron. Corien is die dogter van Johan en Hendrilien Rossouw van Pretoria. Die egpaar vestig hulself in Pretoria.


vkb **Join our TEAM**

Store Manager - VKB Retail, Heilbron

**Job Description:**
The ideal team player will be responsible to manage the stock in warehouses and yard to ensure accurate loading and offloading of stock while maintaining a high standard on housekeeping.

**Requirements:**
Grade 12 or NQF 4
Relevant tertiary qualification
Previous experience in Agri warehousing will serve as recommendation
Knowledge about Agricultural commodities will be highly recommended
Orientation towards housekeeping and accurate stock keeping (loading and offloading)
Willing to undergo continuous training
Afrikaans and English proficient will serve as recommendation

**Duties and Responsibilities:**
Ensure that loading and offloading of stock from the yard and warehouses comply with policies and procedure
Marketing and selling of agricultural commodities
Stock control
Ensure correct volumes of stock are on hand and stock rotation takes place as per policies and procedures
Daily walk abouts and inspections to ensure premises are neat and tidy and adhere to standards of VKB Group
Ensure compliance to health and safety policies and procedures
Other ad-hoc job-related duties

**Skills:**
Excellent interpersonal skills
Ability to work under pressure
Team orientated
Conflict management skills
Basic computer skills
Problem solving skills
Negotiation skills
Organizing skills
Compliance

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 12 May 2025






vkb **Join our TEAM**

**Job Description:**
Manage the internal administration of a organisation or a task.

**Requirements:**
Grade 12 or NQF4
Experience in the agriculture industry will serve as recommendation
Numerate
Computer literate especially in MS Word and MS Excel
Thorough, precise and accurate
Constantly adding value to the current functions of the position
Clear Criminal Record

**Duties And Responsibilities:**
Maintain high standards for administration
Goods received voucher and completion of invoices
Processing stock claims
Minimize risk to the company
Issue GRV's for stock as well as monitoring deviation report
Assist in Audit process
Management and control over bank and petty cash
Filing relevant documents according to set out standard
Client service
Stock Control
Other job-related administrative duties

**Skills:**
Problem definition and analyses
Communication
Maintaining Long term relationships
Teamwork
Compliance
Organizing
Planning
Personal Resilience

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 12 May 2025



vkb **Join our TEAM**

**Job Description:**
The ideal team player will sell the organisation's merchandise according to agreed targets. Effectively market stock to customers, manage stock control to ensure constant availability of stock to clients. The Branch Marketer will also have a strong drive to maintain & build on animal feed sales and customer base.

**Requirements:**
Grade 12 or NQF 4
Previous experience in agriculture will serve as recommendation.
Proven knowledge of animal health products and additives is essential.
Excellent interpersonal skills.
Ability to work under pressure.
Orientation towards marketing and client service.
Team orientated.
Willing to undergo continuous training.

**Duties and Responsibilities:**
Stock control to ensure that stock rotations, margins and targets are maintained and improved on.
Stock orders according to seasons and data in internal systems.
Marketing of agricultural commodities and animal health products.
Advise to clients in terms of animal health products, additives and best practices.
Other ad-hoc job-related duties.
Continuously rendering customer service of high standard to walk-in customers, telephonically and via email medium

**Skills:**
Merchandising skills
Conflict management skills
Basic computer skills
Problem solving skills
Negotiation skills
Sound sales and interpersonal skills

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 12 May 2025



ARRIE NEL PHARMACY GROUP

**BUSINESS HOURS**
Monday - Friday: 08:00 - 17:30
Saturdays: 08:00 - 13:00
Sundays: 12:00 - 13:00
Public Holidays: CLOSED

SCAN HERE FOR MORE DEALS

**GREAT DEALS ON OFFER!**
IN-STORE ONLY



R194.90 VITAFEN Shilajit Veg Cap 60s
R126.90 EPI-MAX Plus Cream 400 g
R105.90 LINCTAGON-C Range C Eff Tab Orange 12
R157.90 SINUPRET FORTE Tabs 20
R264.90 ACTIPATCH Musculoskeletal Pain Relief Device 1

**RIEMLAND PHARMACY**
40 C/o Church and Pierce Street, Heilbron | www.arrienel.co.za
058 852 1570/80 | 071 294 4018 | riemland@arrienel.co.za




COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
WIRING & RE-WIRING
OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

**ULECTRIC**
SOLAR AND ELECTRICAL

ELECTICAL REPAIRS
FAULT FINDING
EQUIPTMENT REPAIR
SOLAR BOREHOLE PUMPS
BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299
WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL
Ulectric 084 499 9937

# Vaaldam: ‘n Tydsprong tussen Verlede en Hede





Met honderde mense wat oor die naweek na die Vaaldam se sluise gestroom het om dié massas water te aanskou, is dit gepas om terug te kyk na ’n merkwaardige oomblik in die dam se geskiedenis — die vloede van 1974–1975.

Die Vaaldam, wat in die vroeë 1930’s gebou en in 1938 voltooi is, is een van Suid-Afrika se grootste waterbronne. Dit het ‘n oewerlyn van sowat 800 km en strek oor drie provinsies: Gauteng, die Vrystaat en Mpumalanga. Ná sy voltooiing het ’n klein groepie werkers hulle in die omgewing gevestig, wat gelei het tot die ontstaan van Deneysville.

Op 13 Desember 1938 het die dam vir die eerste keer oorvloei met ’n aanvanklike kapasiteit van 994 miljoen kubieke meter water. Tussen 1952 en 1956 is die damwal met 6,1 meter verhoog, wat die bergingsvermoë tot 2 330 miljoen kubieke meter vergroot het teen ’n koste van R2,9 miljoen.

In die vroeë sewentigerjare het ’n ernstige droogte die land getref, wat aanleiding gegee het tot die bou van die Sterkfonteindam naby Harrismith. Hierdie dam dien as ’n rugsteun en word gevoed met water van die Tugelarivier, wat dan na die Vaaldam oorgeplaas word.

Tydens die buitengewone vloede van 1974–1975, wat tot vandag toe as van die ergste in die geskiedenis beskou word, is al 60 van die Vaaldam se sluise oopgestel. Water het met ’n verstommende tempo van 4 000 kubieke meter per sekonde deur die sluise gevloei, wat ’n dramatiese styging van sowat 9,5 meter in die waterstand veroorsaak het. As gevolg van hierdie gebeure is daar besluit om die damwal vir ’n tweede keer te verhoog — met 3,05 meter in 1985.

Hoewel die afgelope dekade nooit meer as 16 sluise op een slag oop was nie, is daar tans 10 sluise oop — ’n seldsame en indrukwekkende verskynsel wat besoekers van heinde en verre lok. Hierdie geskiedkundige konteks beklemtoon nie net die mag van die natuur nie, maar ook die ingenieursvernuf agter een van Suid-Afrika se belangrikste waterinfrastruktuurprojekte.

# Nuus vanaf JA Malherbe Primêre Skool Petrus Steyn



Die volgende redenaars, op die foto bo, van JA Malherbe het aan die eerste Vrystaat-rondte van die ATKV Redenaars op Bethlehem deelgeneem. Hulle is regs van links voor: Katie Janse van Rensburg, Jessenique Fick en Max van den Berg. Agter: Rayeesa Ferdous, Quanda van Schalkwyk en Atlehang Dlamini.



*Tydens JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn se jaarlikse Aartappel Gholfdag was die volgende spelers verteenwoordigers van die hoofborge: GWK Beperk en VKB Groep: Op die foto bo: GWK: Van links na regs: Werner van den Berg, Casper Kruger, Attie van den Berg en André Coetzee.*
*Op die foto onder VKB: Van links na regs: Sipha Malindi, MJ Henning, Max van den Berg en Wian Gerritzen.*






*Op die foto bo: Twee sussies van JA Malherbe Primêr, Quelene en Quanda van Schalkwyk het onlangs aan die TMDE-netbalproewe op Bethlehem deelgeneem. Quanda is gekies om die TMDE-span in verdere proewe te verteenwoordig.*

# Ontvang graad aan NWU

Jan Strydom, ’n oudleerder van Hoërskool Heilbron, het onlangs sy vier jaar graad in Landbou-ekonomie en Agronomie aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom voltooi. Jan het in 2020 aan Hoërskool Heilbron gematrikuleer, waar hy nie net akademies uitgeblink het nie, maar ook aktief betrokke was by die skool se leierskapstrukture, insluitend die Matriekkomitee, asook sport. Na matriek het hy sy studies aan die NWU voortgesit en het hy hom toegewy aan sy passie vir die landboubedryf. Sy akademiese reis is nou suksesvol afgehandel, en Jan beplan om hom voorlopig op hulle familieplaas toe te spits, waar hy sy kennis en vaardighede in praktyk gaan toepas. Sy toekomsplanne sluit in om die plaasbedrywighede verder uit te brei en moderniseer, met die hoop om op die lang termyn ’n positiewe bydrae tot ‘n volhoubare boerdery in Suid-Afrika te lewer.



# April breek alle reënval rekords

• *Tom Watson*

April sal seker in die geskiedenis opgeteken word as die maand waar die meeste vloede en reën veral die landbou swaar getref het.

Die reënmeters van elke plaas sal seker verskil maar syfers opgeteken sedert 1933 bewys dat die 235 mm wat tot dusver in April gemeet is - loshande die hoogste oor die tydperk van 92 jaar is.

Jaco van Wyk van die plaas Rusthof het aan die onderkant van Koppiesdam groot skade gekry toe 180 ha Sojabone verdwyn het onder vloedwaters nadat die Koppiesdam sy walle oorstroom het. Die dam was op een stadium 180 persent vol (sien foto).

Die gemiddelde reënval vir April maand is normaalweg 47 mm en die naas hoogste 189 mm wat in 1961 aangeteken is.



*180 ha Sojabone reeds halfpad onder water en was nie lank daarna heeltemal onder water.*

Die gemiddelde reënval vir Heilbron beloop sowat 614 mm en daar is reeds die eerste vier maande 801 mm gemeet. 2022 hou die rekord vir die hoogste reënval naamlik 1114.8 mm. Die eerste vier maande is 661 mm opgeteken.

Boere van oor die hele land het groot verliese gely waar lande oorstroom is, vee gevrek het en eiendom verwoes is. Op die ander fotos staan 'n windpomp halflyf in die water met 'n Slattery stroper langs hom. Paaie is verspoel, damwalle gebreek en daarby gesê kan boere nie in die lande kom om hul graan te stroop nie.


Vaaldam het 10 sluise oopgemaak en Bloemhof, wat gebuk gaan onder die vloede, se sluise is ook oopgemaak.



*Die windpomp staan halflyf in die water en pomp nog water en 'n Slatterystroper staan ook gereed om sy werk te doen.*



*Die M2 teerpad buite Koppies was onderwater, die Koppiesdam het sy walle oorstroom, lande aan die oostekant van Koppies is omskep in damme. (lees ook berig hiernaas).*



*Heilbron se Uniefeesdamwal wat vanjaar verskeie kere oorgeloop het. Die damwal is in 1960 verhoog om aan Heilbron se groeiende bevolking genoegsame water te voorsien Daardie jare het die bevolking op sowat 4000 gestaan. Tans beloop die bevolking sowat 40000 en die waterbron is nou vanaf Vaaldam. Die dorp Heilbron is gebou rondom die Sterkfontein wat tans onderkant die damwal geleë is. Daar, dié naam van Heilbron afkomstig!*



*Koppiesdam was op 'n stadium 180 persent vol en het sy walle oorstroom.*











# Sterrepartytjie skitter in die nag

Die naweek se sterrepartytjie was 'n groot sukses – 'n ware gebeurtenis om te onthou. Ná maande se deeglike beplanning het die langverwagte naweek uiteindelik aangebreek, en die terrein het gewemel van mense van alle ouderdomme. Daar was iets vir elkeen om te geniet. Saterdag was sonder twyfel een van die hoogtepunte. Verskeie stalletjies het uitgestal, insluitend een met die grootste spookasem wat gesorg het vir 'n soet verrassing en genoeg energie vir die res van die dag. Vroegoggend het drawwers hul uithouvermoë gaan toets, terwyl perde met ruiters ȟ bygedra gemaak het tot die feestelike gees van die geleentheid. Die dag was propvol pret en opwinding, maar dit was die aand wat almal regtig laat asem ophou het. Die sterrepartytjie het afgeskop met 'n uitsonderlike sterrekyk-ervaring. Besoekers kon deur kragtige teleskope kyk en planete soos Jupiter en sy mane te sien. Selfs die koue het nie die entoesiastiese sterrekykers afgeskrik nie. Die gemeenskap het in groot getalle opgedaag, en saam het hulle onder die naghemel gestaan – verenig in hul verwondering oor die uitgestrektheid van die heelal. Die sterre het helder gestraal oor 'n naweek vol ontdekking, samehorigheid en onvergeetlike herinneringe.







# Huldeblyk

Met die afsterwe van Hannes van Tonder laat hy 'n groot leemte in die gemeenskap van Heilbron. Hannes, wat in Vanderbijlpark grootgeword en skoolgegaan het, het aan Vanderbijl Hoër gematrikuleer voordat hy diensplig verrig het. Hy het 'n tyd lank by Iscor – nou bekend as ArcelorMittal – gewerk, voordat hy na Heilbron verhuis het om op die familieplaas te werk.

Hier het hy sy vrou Zelda in 2000 ontmoet en in 2001 het hulle in die huwelik getree. Saam het hulle een kind gehad. Hannes was 'n bekende figuur in die dorp en het vir 15 jaar in 'n vennootskap met Johan Bosman gewerk.

Hannes sal onthou word vir die liefde wat hy vir musiek gehad het. Vir byna twee dekades was hy betrokke in die musiekbedryf, waar hy sy talent en passie duidelik uitgeleef het. Saam met Johan het hy ook gehelp om Zelda se eerste musiek-CD uit te reik – 'n bewys van sy steun aan dié wat hy liefgehad het. Hannes se nalatenskap leef voort in sy werk, sy musiek, en die mense wat hom geken het.

Hannes se troosdiens vind plaas op 7 Mei, 11uur te NG-Kerk Suid.



DAMESOGGEND
saam met Katrienkie
Kleurvol in 'n donker wêreld
Gasspreker: Surene van Stylstones
Meer met minder
Hoe om die beste te maak van die klere wat jy het
10 Mei 2025 | 09:30
NG Heilbron Suid-Kerksaal
R120 per kaartjie | R100 vir pensioenarisse
Verversings Ingesluit

vkb Join our TEAM

**Job Description:**
Carries out store cleaning duties either during or after normal office hours.

**Requirements:**
Grade 12/ NQF4

**Skills Required:**
Service orientation
Accuracy Client service
Decision making
Team player
Verbal communication
Personal resilience
Organising

**Duties:**
Ensures that the workplace complies with the necessary workplace standards
Ensures that the workplace continuously complies with safety regulations
Undergo all training interventions, and successfully complete the training interventions

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025

vkb Join our TEAM
General Worker - VKB Retail, Heilbron

**Job Description:**
Performs general tasks, requiring the briefest induction

**Requirements:**
Grade 12 or NQF4
Load and offload of stock
Client service
Able to perform hard manual labour
Constantly adding value to the function of the job

**Duties and Responsibilities:**
Responsible for general tidiness
Cleaning duties
Ad hoc duties as assigned from time to time
Assist customers/suppliers with loading and offloading of stock as required according to policies and procedures
General housekeeping of premises
Stock control
Customer services

**Skills Required:**
Service orientation
Accurate, thorough and precise
Excellent health

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025

vkb Join our TEAM
Cashier - VKB Retail, Heilbron

**Job Description:**
Administers and controls all cash and card transactions handled at the shop

**Requirements:**
Grade 12 or NQF 4
Computer literate in Microsoft Office
Previous experience in a similar role will serve as recommendation

**Duties And Responsibilities:**
Paypoint sales
Client service
Receipts from customers and allocations processed
Receipts from card customers and back office tasks
Daily banking of all cheques and cash

**Skills Required:**
Excellent client service
Conflict handling
Numerate
Fast and energetic
Accurate and friendly

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025

# KENNISGEWINGS

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **2014/2025**
Surname: **Taylor**
First Names: **Anna Christina Human**
Date of Birth: **1930-11-19**
ID Number: **301119 0055 081**
Last Address: **5 Theron Street, Petrus Steyn, 9640**
Date of Death: **2025-01-19**
Master's Office: **Bloemfontein.**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Lelanie Van Zyl-Fourie**
Address of Executor or Authorised Agent:
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
Period allowed for lodgement of claims:
**30 days**
**Advertiser Name:**
**Van Zyl - Fourie Attorneys**
**Advertiser address:**
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
**Advertiser E-Mail:**
**info@vzfattorneys.net**
**Date submitted: 2025-04-11**
**Advertiser Telephone: 083 547 9244**
**Publication in the Government Gazette on: 2025-05-02**


**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae:**
**08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**

**Elsstraat 42, Heilbron**
**Tel: 058 853 0006**

**POSTNET HEILBRON**


## KENNISGEWING

**Saaknommer 43/2020**
**In die Landdroshof vir die distrik Heilbron gehou te Fizile Dabe**
tussen
**AM BENADIE**
*Eiser*
**MJ BLAAUW**
*Verweerder*

## GEREGTELIKE VERKOPING

Ingevolge 'n Vonnis gelewer op 26 November 2020, in die Heilbron Landdroshof en 'n Lasbrief vir Eksekusie daarna uitgereik, word die goedere beskryf in eksekusie verkoop te Landdroskantoor, Elsstraat 32 Heilbron op die 19de dag van Mei 2025 om 13:15 aan die hoogste bieër:

**GOEDERE**
**1. Silwer Yskas/Vrieskas**
**2. Defy Top Loader Wasmasjien**
**3. Houttafel plus 4 stoele**
**4. Hout eetkamerstel plus 8 stoele**
**5. LG F/Screen TV**
**6. Sitkamerstel**
**7. Orrel**

1. Reëls van hierdie verkoping is beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die Landdroskantoor, Elsstraat, Heilbron.
2. Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a.
   2.1 Voorskrifte van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008 (URL.http:www-info.gov.za/view/DownloadFileAction?ID=99961)
   2.2 Fica-wetgewing m.b.t identiteit en adresbesonderhede
   2.3 Betaling van registrasiegelde
   2.4 Registrasievoorwaardes van die verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Heilbron met afslaer Wynand Mienie.
3. Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe en

Gedateer te Heilbron op die 10de dag van April 2025.
**(GET) JH JANSEN**
**EISER SE PROKUREUR**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**HEILBRON, 9650**
**TEL NO. 058 852 2816**
**E-POS: lit@jansenprokureurs.co.za**
**VERW: BEN4/0001/JHJ/cm**







# SMALLS

**TE HUUR**

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

HERALD Sport

# Reëen lok spelers baan toe

Die rekord hoe reënval in April hou boere van stropers af en lyk of sommiges hulle hand aan gholfstokke gelê het. Saterdag tydens die HBA maandbeker was daar ‘n bo gemiddelde opkoms ten spyte van die nat toestande. Jackie Leonard eindig eerste met 70 netto en Steve Maloka tweede ook met 70 netto. Willie Matthee was derde met 71 netto telling.

Môre word die jaarlikse klubkampioenskappe beslis en soos in die verlede oor 36 putjies en vir senior lede wat 18 putjies. Jackie is slaggereed om sy titel te verdedig en gaan nie maklik geklop word nie. Afslaantyd is reeds vanaf 08:00 en spelers moet inskryf vanaf 07:30.







BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 5 MEI 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DINSDAG - 6 MEI 2025**

DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

ERMELO SPEENKALF Spesiale veiling
Kontak Mollie Mentz 083 229 2500

**WOENSDAG - 7 MEI 2025**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

BOVELDER Nasionale veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**DONDERDAG - 8 MEI 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Christiaan Louw 072 851 3674

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG - 9 MEI 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956


WINKEL-URE



**MAANDAE TOT DONDERDAE:**
07:30 - 17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00

Herald
Office National

Elsstraat 44,
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@
heilbron.co.za


vkb Join our TEAM
Junior Branch Marketer - VKB Retail: Heilbron

**Job Description:**
Sells the organization's merchandise according to agreed targets. Administers and controls cash and card transactions handled at the shop. Effectively market stock to customers, manage stock control to ensure constant availability of stock to clients.

**Requirements:**
Grade 12 or NQF 4
Knowledge of Irrigations systems/ Electrical equipment will serve as recommendation
Excellent interpersonal skills
Ability to work under pressure
Orientation towards marketing and client service
Team orientated
Willing to undergo continuous training
Duties and Responsibilities
Stock control and orders
Marketing of agricultural commodities
PayPoint sales
Receipts from customers and allocations processed
Daily banking of all cheques and cash
Continuously rendering customer service of high standard to walk-in customers and via telephonic and email medium

**Skills:**
Merchandising skills
Conflict management skills
Basic computer skills
Problem solving skills
Negotiation skills
Sound sales and interpersonal skills

Apply online at https://vkb.simplify.hr
Closing Date: 13 May 2025


Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite.

Ons plaas dit gratis.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Hendie 071 175 9807.


BOERE BANDE
Our quality is our pride!

24/7 SERVICES

BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES

Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261

Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337

Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866